**VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!**

**Sondag:** Robyn Booysen, Marietjie Burger, Boudewijn de Vries, Chantené Hendriks, Hanli Jansen van Vuuren, NJ Koch, Estelle Steenkamp, Matty Swanepoel, Joan van Wyk, Coreen van der Merwe.
**Maandag**: Michael Jenkins, Gilliam Olwage.
**Dinsdag:** Johan de Reuck, Annetjie du Toit.
**Woensdag:** Chris Bosman, Schalk Liebenberg, Jacques Meyer, Jaco Venter.
**Donderdag:** Jerry Avenant, Emi Harris, Reenen van Niekerk.
**Saterdag:** Emma Berry, Johan Gräbe, Karlien Visagie.

## *Reënboog na die reën* (Linda du Plessis)

Hier staan ek in die heerlike reën, hande dankbaar uitgestrek na die hemelseën
met 'n dankbare hart wat dankie klop, die perskereën uiteindelik stop
elke druppel wat op die aarde val, loop ons plaasdam na jare oor sy wal
die windpomp dans wild saam in die reën, dans ek saam in die hemel se seen

*Reën reën lieflike reën, druppels van bo 'n seën*
*as die reënboog verskyn, en al ons sorge verdwyn*
*Reën reën lieflike reën, reëndruppels van bo 'n seën*

Trane meng met elke reëndruppel, as die lammertjies papnat bokspringhuppel
ons almal polkadans in die reën, kinders spring rond en plas in die seën
ons almal dans en rondomtalie rond, die water wegsink in die droë grond
God weet altyd net die heel regte tyd, die plaas verander in 'n lagjolyt

*Reën reën lieflike reën, druppels van bo 'n seën*
*as die reënboog verskyn, en al ons sorge verdwyn*
*Reën reën lieflike reën, reëndruppels van bo 'n seën*

---

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 21 JULIE 2024**

**WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS**

09:00: HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING: 2 SAMUEL 7:1 - 22
TEMA: OM GOD SE STEM TUSSEN ANDER STEMME UIT TE KEN

Kom drink gerus tee na die diens en kuier met mekaar.

*Daarom, groot is U, Here my God! Daar is niemand soos U nie. Buiten U is daar geen God nie, van hoeveel gode ons ook al gehoor het.* (2 Samuel 7:22)

**Vandag se deuroffer: Carel van der Merwe-Beursfonds**

Die Carel van der Merwe-Beursfonds is 'n Gemeentefonds waarvan die rente jaarliks beskikbaar is vir gemeentelede wat besig is met voorgraadse tersiêre studies. Om seker te maak dat die bedrag wat elke jaar uitbetaal word, tred hou met inflasie en met stygende pryse, is dit belangrik om die kapitale waarde van die fonds te versterk. Vandag se deuroffer word aangewend vir hierdie doel.

(Hierdie fonds het sy oorsprong en naam te danke aan een van die seuns van ons gemeente se eerste dominee, Gerjo van der Merwe. Kort na ds van der Merwe se heengaan, het Carel verongeluk en sy ma het die opbrengs van 'n polis aan die gemeente geskenk - wat in die Beursfonds omskep is.)

**Volgende week se deuroffer: Disakloof Jeugkampterrein**

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

## Musiek– en Kuier-oggend   24 Julie 2024



Almal wat gedurende die dag beskikbaar is, word uitgenooi na hierdie geleentheid op **Woensdag 24 Julie, om 10:00** in die familiekamer. ***Janine Williams*** gaan musiek maak, en ons begelei om te sing, en Marian van Wyk gaan vertel van haar stokperdjie saam met haar hond en op watter plekke dit haar al uitgebring het.

Die belangrikste van die oggend is egter om met mekaar te kuier en dalk ook nuwe mense te leer ken. Bring gerus ook jou vriende en kennisse saam.

### Bybelstudie en Saam-kuier op Weeksaande

Die behoefte is uitgespreek dat daar ook 'n aand-Bybelstudiegroep - soortgelyk aan dié wat op Woensdagoggende plaasvind - gevestig moet word. Die gedagte is om saam Bybelstudie te doen, en om ook ander lidmate te leer ken. Laat weet gerus die kerkkantoor as jy hierin sou belangstel, of kom gesels saam daaroor op **Dinsdag 30 Julie, 18:30** in die familiekamer.

**Jou hulp om die uitsendings van ons Eredienste op Sondagoggende by die Aftree-oorde te hanteer** sal so baie waardeer word.

Ons eredienste word na drie aftree-oorde uitgesaai. Na elkeen van die oorde moet iemand gaan (dus drie mense elke Sondag) om die uitsending aan te skakel. Dit is nie veel anders as om die diens by jou huis op die TV of rekenaar te kyk nie. Jy sal ook die eerste paar keer saam met iemand kan gaan, wat jou dan vertroud sal maak met die verskillende oorde en die manier van doen op elke plek. Ons sal graag meer mense wil hê wat met hierdie taak help, sodat elkeen nie so gereeld hoef te gaan nie.
Kontak asseblief die kerkkantoor as jy kans sien om te help, of as jy net meer wil uitvind, of dalk net eers wil gaan kyk hoe dit werk.

### SOPBESTANDDELE ASB!

Een van ons gemeentelede is betrokke by vier van die voeding-skemas in Sir Lowry's Pas.
Indien jy 'n bydrae kan maak vir droë sopbestanddele kan jy dit gerus by die kerkkantoor kom aflaai of kontak direk vir Elna Visagie by 079 275 7055. (Bestanddele sluit in gedroogde sopmengsel, samp, boontjies, lensies, vleissousblokkies, ens.)  **- Baie dankie!**




**Bestanddele nodig asb:**
**Koekmeel, sonneblomolie, suiker, bakpoeier, wit asyn, maalvleis, botter, kaas, spek, uie. (Eiers & botter later).**
**Produkte nodig:**
**Beskuit, koekies, terte, koeke, spensgoed, handgemaakte produkte, ens.**
**Finansiële bydraes welkom!**